Redaksioneel

ARTIKELS

In hierdie uitgawe van *In die Skriflig* verskyn verdere belangrike artikels oor die kerk: Fika van Rensburg besin oor die kerk as liggaam van Christus en Schutte Venter oor die werk van die Heilige Gees in die opbou van die kerk volgens Handelinge.
Die diskussie tussen Herman Bavinck en die Etiese Teoloë in Nederland en sy uiteindelike – weliswaar simpatieke – afwysing van die Etiese Skrifbeskouing, is aan ons bekend. Die hervormde teoloog van Unisa, J. A. Loader, gee opnuut aandag aan hierdie problematiek.

FEESJAAR

Drie groot historiese gebeurtenisse word vanjaar in Suid-Afrika herdenk: die seevaart van Diaz (1488), die koms van die Franse Hugenote (1688) en die Groot Trek (1838). Elk van hierdie gebeurtenisse het in 'n mindere of meerdere mate 'n invloed op kerklike en teologiese ontwikkelinge in Suid-Afrika gehad. Dit is belangrik om in retrospeksie teologies oor hierdie gebeure te besin.
Ek dink hier aan die beroemde uitspraak van Kierkegaard dat die filosowe tereg beweer het dat die lewe na agter (terugwaarts) *verstaan* kan word maar dat ons nie moet vergeet nie dat die lewe na vore (voorwaarts) *geleef* moet word.

DUISEND JAAR KERKGESKIEDENIS

Junie 1988 vier die Russiese Ortodokse Kerk sy duisendjarige bestaan. Hierdie, volgens getuienis groeiende, kerk lewer bewys van die mag van die lewende God wat sy kerk selfs onder kommunistiese onderdrukking in stand kan hou. Dit kan ook moeilik anders gesien die geweldige aksent wat op die opstanding van Christus en Paasfees gelê word. Terwyl die Paasgebeure in 'n dikwels rasionalistiese westerse teologie al hoe meer geproblematiseer word, en die Kersgebeure al hoe meer gekommersialiseer word, word in die ooste nog oor die opstanding vol verwondering gejuig. Geen wonder dat in die oosterse liturgie die elemente van mistiek, simboliek en dramatisering soveel klem ontvang en dat kerkwees feitlik opgaan in liturgiese aktiwiteit.
Ons gebed is dat die Here God ook in Rusland sy koninkryk sal laat uitbrei.

GELUKWENSING

Tydens die herfsgradeplegtigheid van die PU vir CHO is 'n aantal doktorsgrade toegeken en *In die Skriflig* wil graag aan die promovendi ons hartlike geluk- en seënwense oordra, in die hoop dat ons van die studieresultate sal profiteer.

Twee broeders het in diakoniologie gepromoveer nl. dr. B. J. de Klerk oor *Die Heilige Gees en die verhouding Skriflesing, prediking, gebed in die erediens* en dr. G. C. P. Labuschagne oor *Die plek en betekenis van die prediking in die opbou van die gemeente*. Die volgende twee het in dogmatologie gepromoveer: dr. M. J. du Plessis oor *Die dogmas ten*

grondslag aan die ontwikkeling van die Episkopos-amp: van die eerste tot die vierde eeu en dr. C. S. Shim (Korea) oor *An evaluation of Calvin's theological position against the Libertines.*

Vermelding verdien ook ds. C. Hattingh se M-studie in diakoniologie oor *Persoonlike gemeenskap met God as korrektief op formalisme in die godsdiens: 'n Pastorale studie.*

Ons kan ook nie nalaat nie om 'n woord van hartlike gelukwensing teen-oor 'n redaksielid van 'n susterstydskrif (NGTT), nl. prof. P. A. Verhoef, uit te spreek met die ontvangs van 'n eredoktoraat. Sy bydrae tot die uitbou van die reformatoriese teologie in Suid-Afrika is van hoogstaande gehalte.

J. H. van Wyk.